Waterveiligheid

"Dit is maklik om op 'n afstand braaf te wees."
- Aesop

Doelwit: Om aan die Verkenner basiese waterreddingsvaardighede te leer sodat hy diens kan lewer.

Weergawe: 2007

Datum: Augustus 2007

Begronding

Voortrekkerkode:
8: 'n Voortrekker neem leiding.
9: 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.

ABC: Hierdie spesialisasie bevorder die Verkenner se burgerskap en Christenskap deur die aanleer van vaardighede wat die Verkenner in staat sal stel om sy medemens tot diens te wees in 'n noodsituasie. Om leierskap te beoefen in 'n noodsituasie verg toewyding en sterk leierskap. Beide eienskappe wat die Verkenner tydens die spesialisasie kan bemeester.

Aanbiedingsmetodes

Tydsduur:	1 Dag	Graadgroep:	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. Verskillende reddingsmetodes ken en weet wanneer om elkeen te gebruik.

2. Vertroud wees met die moontlike beserings en redding van 'n persoon wat sy kop gestamp het op die bodem van 'n swembad.

3. Moontlike redes vir verdrinking kan identifiseer en voorkomende maatreëls kan tref.

4. Die teorie van mond-tot-mond-asemhaling en hart-longresusutasie ken. Verkenners moet ook eersgenoemde kan volhou vir drie minute.

5. 'n Maat vir 20 m kan sleep deur gebruik te maak van die volgende metodes:
   5.1 Die kop-drametode.
   5.2 Die dwarsborsmetode.
   5.3 Die vermoeide-swemmermetode.

6. 'n Lewensreddingsprong kan uitvoer.

7. Die Wurggreep-bevrydingsmetodes kan demonstreer in die water.

8. 'n Minimum van 50 meter ononderbroke, ten volle geklee, kan swem.

9. Vir Vyf minute ononderbroke kan watertrap.

10. 'n Lugsak met 'n langbroek kan maak.